**HOËRSKOOL WESTERFORD**
**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**
**VRAESTEL 1: LEESBEGRIP, OPSOMMING EN TAAL**

| | |
|---|---|
| **GRAAD 12** | **TYD: 2 UUR** |
| **MEI 2018** | **TOTAAL: 80** |

INSTRUKSIES:

- Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.
- Beantwoord AL die vrae.
- Begin elke vraag bo aan 'n nuwe bladsy, maar skryf aan albei kante van die blad.
- **Laat 'n REËL OOP na elke antwoord.**
- Jy mag geen Engels op jou antwoordstel gebruik nie.
- Skryf netjies en leesbaar.
- Gebruik slegs blou of swart ink.
- Laat 4 reëls oop voordat jy met Afdeling A begin.
- **Kram al die afdelings aan mekaar vas en lewer dit as EEN ANTWOORDSTEL in.**
- Skryf jou naam en van, die datum (Mei 2018), die opskrif (Vraestel 1) en jou onderwyser(es) se voorletters bo aan elke afdeling.
  - Me. Turner = HT
  - Mev. Mather = HM
  - Me. Meyer = RM
  - Me. Laing = SL
  - Dr. Minnaar = CM
  - Mev. Bosman = LMB

**Let wel: Laat vier reëls oop voordat jy met Afdeling A begin.**


## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: KOERANTARTIKEL

Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

# Vlugteling laat nie op hom wag; kry ingenieursgraad




**Elaine Krige**

1 Woensdag was Thierry Ndiyimana (27) nie op sy pos as hekwag by die Kiddies Academy Nursery School in Pretoria-Oos nie. Hy was by Unisa, waar sy graad in chemiese ingenieurswese aan hom toegeken is.

2 Wat sy prestasie nog ongelooflike maak, is dat dié boorling van Burundi gehoorgestrem is en dat hy eers op 15 jaar oud die eerste keer formele skoolonderrig gekry het.

3 Hy kan egter nie as ingenieur werk nie omdat hy amper tien jaar al sukkel om as vlugteling by die Departement van Binnelandse Sake te registreer. Eers dan kan

hy permanente verblyfreg en 'n identiteitsnommer kry.

4 Thierry se pa, 'n Hutu, is in 1993 deur lede van die Tutsi-stam vermoor. Thierry was sewe jaar oud. Die aanvallers het hom oor die kop geslaan en die gevolg was dat hy 50% van sy gehoor verloor het.

5 As 15-jarige het hy saam met sy twee susters na die Demokratiese Republiek van die Kongo gevlug en van daar na Mosambiek.

6 In Mosambiek het hy saam met ander vlugtelinge onder 'n boom skoolgegaan. "Ons het nie tafels of boeke gehad nie; die grootmense het maar net vir ons stories vertel. Maar ek het tóé reeds geweet ek moet hard leer sodat ek eendag in 'n goeie rigting kan studeer," vertel hy.

7 Hy en sy susters het in 2005 saam met 'n groot groep mense van Maputu na Suid-Afrika gestap. Hy is nie seker waar hulle die grens oorgesteek het nie, maar hulle is na 'n weeshuis in Alexandra geneem. "Daar het iemand vir my 'n Frans-Engels-woordeboek gegee en ek het myself binne ses maande leer Engels praat sodat ek kon begin skoolgaan."

8 "Ek het aanvanklik al my skoolvakke gedruip, maar soggens het ek tot 01:30 in die weeshuis se kombuis gesit en studeer om my punte te verbeter."

9 Binne drie jaar het hy matriek met onderskeidings in Wiskunde en Wetenskap geslaag.

10 Die eienaars van die Kiddies Academy Nursery School het hulle in 2010 oor Ndiyimana ontferm en hom gehelp om sy studies te betaal nadat hulle hom as die skool se hekwag aangestel het.

11 "Thierry was alewig besig om te lees terwyl hy by die skoolhek waghou. Toe sien ek dit is boeke oor chemiese ingenieurswese wat hy by die

**"Ons het nie tafels of boeke gehad nie; die grootmense het maar net vir ons stories vertel."**

biblioteek uitgeneem het," sê Zanne Kriek, mede-eienaar van die skool.

12 Hulle het hom aangemoedig om in te skryf vir 'n paar modules by Unisa. Hy was in 2015 reeds klaar met al sy vakke.

13 "Ek het deur die dag studeer terwyl ek by die hek waggehou het, en elke aand ná werk. Maar ek kon nie die graad ontvang sonder om my prakties te voltooi nie en ek het maar solank begin om honneursvakke te neem," sê Ndiyimana. Intussen het hy ook opgetree as Wiskunde-tutor by die skool, en skoolwerk uit Engels na Frans vertaal vir leerlinge met Frans as eerste taal.

14 Verlede jaar het een van sy lektore hom aangemoedig om 'n werk as 'n assistent by een van Unisa se laboratoriums in Roodepoort te aanvaar. Hy kon toe sy praktiese opleiding daar voltooi.

15 "Ek wil nou my honneurs- en meestersgraad voltooi, sodat ek enige plek ter wêreld kan werk, as Suid-Afrika my dan nie wil hê nie."

16 Ndiyimana het in 2009 die eerste keer aansoek gedoen vir vlugtelingstatus by die Departement van Binnelandse Sake. "Wanneer ek navraag doen, sê die beamptes die proses sloer of dat die dokumentasie verlore geraak het, en ek moet van voor af aansoek doen."

17 Maar hy vertrou op God om vir hom die deure oop te maak. "Hy het my tot dusver gehelp en sal my nie nou in die steek laat nie."

Bron: *Rapport* (15 April 2018)



**Thierry Ndiyamana, hekwag by die Kiddies Academy Nursery School in Pretoria-Oos, het pas sy graad in chemiese ingenieurswese aan Unisa verwerf.**

**Let wel:**

- **Beantwoord AL die vrae.**
- **Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.**

1.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.1) en die antwoord (A – D) neer.

Die woord "**vlugteling**" in die opskrif dui daarop dat Thierry ...

A. baie welkom in sy geboorteland was.
B. uit sy geboorteland moes padgee.
C. trots op sy geboorteland was.
D. bekend in sy geboorteland was. (1)

1.2 Watter werk doen Thierry volgens paragraaf 1? Skryf slegs EEN WOORD neer. (1)

1.3.1 Volgens paragraaf 1 het Thierry 'n **wonderlike prestasie** behaal. Sê in een kort volsin wat hierdie prestasie is. (1)

1.3.2 Gee TWEE REDES waarom hierdie prestasie so ékstra spesiaal is. (2)

1.4 Thierry mag nie in Suid-Afrika as ingenieur werk nie.

Verduidelik VOLLEDIG waarom bogenoemde stelling WAAR is. Verwys na paragraaf 3. (2)

1.5.1 Watter **sintuig** het Thierry verloor? Antwoord in slegs EEN WOORD. (1)

1.5.2 Haal VIER OPEENVOLGENDE WOORDE uit paragraaf 4 aan wat wys hoe Thierry hierdie sintuig verloor het. (1)

1.6 Voltooi die volgende sin deur TWEE afsonderlike woorde uit par. 6 neer te skryf.

Die skoolkinders in Mosambiek het 'n **tekort aan** ___ en _____ ervaar. (2)

1.7.1 Wat is Thierry se **moedertaal**? Antwoord in slegs EEN WOORD. (1)

1.7.2 Om watter rede het hy, volgens paragraaf 7, 'n tweede taal begin leer? (1)

1.8 Thierry was van die begin af suksesvol.

Haal EEN WOORD uit paragraaf 8 aan wat die bostaande stelling as ONWAAR bewys. (1)

1.9 In watter **vertrek** het hy vroegoggend sit en studeer? Antwoord in slegs EEN WOORD. (1)

1.10 Noem die **twee vakke** waarin Thierry uitgeblink het. Skryf slegs die TWEE WOORDE neer. (2)

1.11 Watter **dilemma** het Thierry volgens paragraaf 13 gehad? Antword in EEN KORT VOLSIN. (1)

1.12 Op watter manier, volgens paragraaf 13, het Thierry ook sy kennis toegepas? (1)

1.13 Watter **ideaal** kon Thierry by die Unisa-laboratoriums verwesenlik? (1)

1.14 Watter TWEE **toekomsdrome** het Thierry vir homself? (2)

1.15 Stem jy saam dat Thierry baie **gelowig** is? Verduidelik jou antwoord deur na die teks te verwys. (1)

1.16 Dink jy Thierry is 'n goeie rolmodel vir tieners? Verduidelik. (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent en beantwoord dan die vrae wat volg.




Bron: *Die Burger* (2018)

1.17 Hoe slaag die spotprentkunstenaar daarin om die twee onderwysers die **fokuspunt** van die spotprent te maak? (1)

1.18 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (1.18) en die antwoord neer.

Die spotprent impliseer dat onderwysers se betaling (regverdig / onregverdig) is. (1)

1.19 Waaruit kan jy aflei dat die leerlinge nie baie gedissiplineerd is nie? (1)

1.20 Haal EEN WOORD uit die praatborrel aan wat beteken dat iets **nie 'n goeie ding** is nie. (1)

1.21.1 Word die muis se woorde "Hulle dors na vakansie word ook nooit geles nie" LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel? (1)

1.21.2 Verduidelik VOLLEDIG wat die muis met hierdie woorde bedoel. (1)

**/30/**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Skryf SEWE WENKE neer oor hoe om positief te voel sodat jy **elke dag glimlag**.
2. Maak jou EIE SINNE; moenie direk uit die teks oorskryf nie.
3. Skryf die wenke PUNTSGEWYS neer.
4. Skryf een wenk per sin.
5. Nommer die wenke van 1 – 7.
6. Laat **'n reël oop** na elke sin.
7. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
8. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C: SÓ KAN JY ELKE DAG GLIMLAG

Dis onmoontlik om elke dag fantasties te voel. Jou omgewing, gebeure en eetgewoontes kan 'n rol speel in hoe breed jy glimlag.

Voel jy af? Hoe kan jy beter voel? Gaan jy 'n wortel of jou gunsteling-sjokolade kies? Jy besef nie watter invloed jou kos op jou gemoedstoestand het nie. Die geheim tot 'n gelukkiger jy is beslis gesonder kos.

Volgens 'n studie beïnvloed ander mense se emosies jou bui. Gelukkige mense sal jou beslis beter laat voel. Soek eerder die geselskap van vrolike maats.

Oefening doen ook wondere. Maak seker dat jy elke dag oefen om jou weer te laat glimlag.

Het jou lewe dalk 'n roetine geword waar jy niks opwindends verwag nie? Verander self jou vervelige lewe deur byvoorbeeld 'n uitstappie of 'n partytjie te reël. As jy na iets uitsien, voel jy klaar beter deur net daaraan te dink.

Musiek kan ook jou bui verbeter. In een studie het 92% van die deelnemers gelukkiger gevoel wanneer hulle na musiek luister waarvan hulle hou. Dis nou 'n goeie rede om daardie musiek af te laai wat jy al lank begeer.

'n Groot geheim tot geluk is gesonder verhoudings en sosialisering. Kuier gereeld saam met 'n maat as jy gelukkiger wil voel.

Kan jy glo huis skoonmaak help jou om jou emosies saam met die rommel uit te sorteer? Die Chinese maak glo elke lente huis skoon en raak so ontslae van slegte geluk en negatiewe energie. Volgens 'n sielkundige kan huis skoonmaak 'n verskil maak as jy die dag sleg voel.

Wel, dis dan hoe jy elke dag kan opvrolik! (Verwerk uit *Finesse* – 15 Maart 2010)

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALGEBRUIK

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.

### TEKS D



3.1.1 Kies die opsie wat NIE PAS NIE. Skryf net die letter van jou antwoord langs die vraagnommer neer.

Die TEIKENGROEP van hierdie advertensie is Matrikulante ...

A wat Matriek gedruip het.
B wat 'n brugjaar wil onderneem.
C wat avontuurlustig is.
D wat van buitelugaktiwiteite hou. (1)

3.1.2 Verduidelik hoe die advertensie **visueel** die teikengroep probeer oorreed om hierdie Postmatriekprogram te doen. (1)

3.2 Waarom is die subopskrif "Die jaar van jou lewe!" meer effektief as "Dit sal die jaar van jou lewe wees." (1)

3.3 Skryf die onderstaande bevelsin oor as 'n STELSIN.

Volg jou drome! (1)

3.4 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Hierdie Postmatriekprogram is 'n onvergeetlike (lewe + ondervinding). (1)

3.5 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Deur die jaar kry jy baie (geleentheid) om ander plekke te besoek. (1)

3.6 Skryf net die korrekte VOORSETSEL neer.

Die vetgedrukte voorvoegsel in die woord **post**matriek beteken jongmense volg die program (in, agter, na) Matriek. (1)

3.7 Gee die korrekte vorm van die BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies.

Die program is nie goedkoop nie; jy sal R84 500 (vir dit) betaal. (1)

3.8 Herskryf die sin, maar BEGIN met die woorde tussen hakies.

Jongmense wil onvergeetlike avonture beleef. (In die toekoms...) (1)

3.9 Voltooi die volgende sin in die INFINITIEFVORM. Skryf die hele sin uit.


Tydens hierdie program is jongmense besig (lewenslange vriende maak). (1)

**/10/**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokie gebaseer.

## TEKS E




***DIE BURGER*, 14 April 2013**

4.1 In Raam 2 word die woord <u>NEE</u> deur hoofletters beklemtoon. Op watter ander manier kan die woord ook beklemtoon word? (1)

4.2 Skryf die tyd **23:00** as EEN WOORD. (1)

4.3 Hoe kan ons aan Luann se GESIGSUITDRUKKING in Raam 3 sien dat sy verbaas is? (1)

4.4 Watter LEESTEKENS word in Raam 4 gebruik om aan te dui dat Luann onseker voel? (1)

4.5 Hoe kan ons uit Luann se LYFTAAL in Raam 6 aflei dat sy ontevrede is met haar ma se antwoord? (1)

4.6 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Hoe (oud) tieners word, hoe meer vryheid wil hulle hê. (1)

4.7 Skryf die ontbrekende VOORNAAMWOORD neer.

'n Mens behoort ___ ouers te respekteer. (1)

4.8 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE VORM.

Greg Evans het die strokiesprent geskep. (1)

4.9 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die skreeuende kind val op die vloer neer. (1)

4.10 Maak 'n sin met die HOMONIEM van die onderstreepte woord.

Was dit min of meer so iets? (1)

**/10/**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en op die prent (TEKS G) gebaseer.
Die nommering in die uittreksel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

## TEKS F

### DIE ZOMBIE-EFFEK VAN TE MIN SLAAP

Min slaap kan jou laat voel asof jy **5.1(breinloos**) ronddwaal. Maar is slaapprobleme 'n **5.2 (normaal)** deel van tienerwees?

Baie navorsers gee hormone die skuld vir hoekom dit voel asof tieners in 'n ander tydsone as hulle ouers leef. **5.3 ("Die tienerbrein werk op 'n later skedule," sê Hanlie Snyman**), 'n opvoedkundige sielkundige. In puberteit skuif tieners se interne horlosie drie uur agteruit. Die hormoon wat tieners vaak maak, word eers later in die aand vrygestel en die brein skei tot 'n ruk na sonsopkoms die hormoon af.

Die feit dat skole **5.4 (elke oggend)** vroeg begin, help nie.

Wat kan jy doen as jy aan slaaploosheid **5.5 (ly)?**

**5.6 (Jy sukkel om te slaap. Jy kan 'n beter slaaproetine aanleer**.)
Gaan slaap en staan altyd **(5.7 (dieselfde, die selfde)** tyd op. Jou liggaam sal dan gewoond raak aan die tye en jy sal nie ure lank **5.8 (wakker)** lê nie. **5.9 (Jy moet óf koffie óf alkohol voor slaaptyd drink.)** 'n Klein **5.10 (glas)** melk voor slaaptyd kan wel help. Ontspan voor jy bed toe gaan. 'n Warm bad of 'n lekker boek kan jou lyf en brein help ontspan en jy sal vinniger aan die slaap raak wanneer jy jou lig afskakel.

Uit: *Die Burger*, 10 Aug. 2017

5.1 Wat beteken die AGTERVOEGSEL/ POSTMORFEEM in die woord breinloos? Antwoord in EEN WOORD. (1)

5.2 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Maar is slaapprobleme 'n (normaal) deel van tienerwees? (1)

5.3 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

"Die tienerbrein werk op 'n later skedule," sê Hanlie Snyman. (1)

5.4 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die feit dat skole (elke oggend) vroeg begin, help nie. (1)

5.5 Maak 'n sin met die HOMOFOON van die onderstreepte woord sodat die betekenis duidelik is.

Wat kan jy doen as jy aan slaaploosheid ly? (1)

5.6 Verbind die volgende sinne deur met die VOEGWOORD tussen hakies te BEGIN.

Jy sukkel om te slaap. Jy kan 'n beter slaaproetine aanleer. (As ...) (1)

5.7 Kies die KORREKTE SPELLING.

Gaan slaap en staan (dieselfde, die selfde) tyd op. (1)

5.8 Kies die korrekte INTENSIEWE VORM van wakker..

Jy sal nie ure (wawyd/ wydoop) wakker lê nie. (1)

5.9 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE/ NEGATIEWE VORM.

Jy moet óf koffie óf alkohol voor slaaptyd drink. (1)

5.10 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

'n Klein (glas) melk voor slaaptyd kan wel help. (1)

5.11 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Die sielkundige vra vir Abu of hy aan slaaploosheid ly. (2)

5.12 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Sy het haar lig twaalfuur afgeskakel. (1)

5.13 Identifiseer die ABSTRAKTE SELFSTANDIGE NAAMWOORD in die volgende sin.

Dit voel asof tieners in 'n ander tydsone as hulle ouers leef. (1)

**TEKS G**



5.14 Skryf net die KORREKTE woord.

Die sokkerwedstryd word in 'n groot (stadium, stadion) gespeel. (1)

5.15 Gee EEN WOORD vir die omskrywing tussen hakies.

Die (persoon wat die wedstryd beheer en die fluitjie blaas) het vir die speler 'n geel kaart gegee. (1)

5.16 Skryf die vetgedrukte AFKORTING voluit.

Die span se afrigter is **mnr.** Sam Menze. (1)

5.17 Skryf net die KORREKTE WOORD neer.

Albei spanne se ondersteuners is baie (opwindend, opgewonde) oor die belangrike wedstryd. (1)

5.18 Gee die ANTONIEM van die vetgedrukte woord.

Die span het hierdie seisoen nog geen wedstryd **gewen** nie. (1)

5.19 Vertaal in STANDAARDAFRIKAANS.

*He likes playing soccer.* (1)

**/20/**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80**